

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

30c

Maandag 13 Oktober 1980

WINDHOEK

Monday 13 October 1980

No. 4293

## Goewermentskennisgewing

## Government Notice

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

N. J. DAVIN  
*Sekretaris van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika*

N. J. DAVIN  
*Secretary of the National Assembly of South West Africa*

Windhoek

Windhoek

No. AG. 160 13 Oktober 1980

No. AG. 160 13 October 1980

### AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

### PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:-

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Africa and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979) is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation:-

No. 19 van 1980 Bemerkingswysigingswet, 1980

No. 19 of 1980 Marketing Amendment Act, 1980

Wet No. 19, 1980

**BEMARKINGSWYSIGINGSWET, 1980***(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 7 Oktober 1980)***WET**

**Tot wysiging van die Bemarkingswet, 1968, ten einde voorsiening te maak vir die aanwending van sekere gelde ter bestryding van goedgekeurde uitgawes van die Suidwes-Afrikaanse Landbou-unie en sekere by genoemde Landbou-unie geaffilieerde organisasies en om terugwerkende krag aan 'n sekere Goewermentskennisgewing te verleen.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 46D van Wet 59 van 1968, soos ingevoeg deur artikel 15 van Wet 109 van 1977.

1. Artikel 46D van die Bemarkingswet, 1968, word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) om dié uitgawes wat deur die Suidwes-Afrikaanse Landbou-unie en organisasies wat in die lewe geroep is om die een of ander vertakking van die landboubedryf te bevorder en by bedoelde Suidwes-Afrikaanse Landbou-unie geaffilieer is, aangegaan word in verband met die verrigting van hulle werksaamhede en wat deur die Administrateur-generaal goedgekeur word na voorlegging aan hom deur bedoelde Landbou-unie van ramings van die behoeftes van bedoelde Landbou-unie en bedoelde organisasies in verband met die verrigting van sodanige werksaamhede, te bestry;”.

Verlening van terugwerkende krag aan Goewermentskennisgewing AG. 112 van 1980.

2. Die algemene heffing opgelê by Goewermentskennisgewing AG. 112 van 1980 en die voorskrifte en regulasies daarby uitgevaardig en bepalinge daarby gedoen word geag met ingang van 17 Julie 1980 aldus opgelê, uitgevaardig en gedoen te wees.

Kort titel en inwerkingtreding.

3. Hierdie Wet heet die Bemarkingswysigingswet, 1980, en word geag op 17 Julie 1980 in werking te getree het.

**MARKETING AMENDMENT ACT, 1980**

Act No. 19, 1980

*(English text signed by the Administrator-General on  
7 October 1980)*

**ACT**

**To amend the Marketing Act, 1968, so as to make provision for the utilization of certain moneys to meet approved expenditure of the South West African Agricultural Union and certain organisations affiliated with the said Agricultural Union and to grant retrospective effect to a certain Government Notice.**

BE IT ENACTED by the National Assembly of South West Africa, as follows:—

1. Section 46D of the Marketing Act, 1968, is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of subsection (2) of the following paragraph:

Amendment of section 46D of Act 59 of 1968, as inserted by section 15 of Act 109 of 1977.

“(a) to meet such expenditure as may be incurred by the South West African Agricultural Union and organizations established to promote any branch of the agricultural industry and affiliated with the said South West African Agricultural Union in connection with the performance of their functions, and approved by the Administrator-General after submission to him by the said Agricultural Union of estimates of the requirements of the said Agricultural Union and the said organizations in connection with the performance of such functions;”.

2. The general levy imposed by Government Notice AG. 112 of 1980 and the directions, regulations and determinations made thereby, shall be deemed to have been so imposed and made with effect from 17 July 1980.

Granting of retrospective effect to Government Notice AG. 112 of 1980.

3. This Act shall be called the Marketing Amendment Act, 1980, and shall be deemed to have come into operation on 17 July 1980.

Short title and commencement.